SOUTH-AFRICAN-PUBLIC-LIBRARY
20 JUN 1950

**COLIN LOCKLEY**
**EN KIE.**
PLEINSTRAAT
STELLENBOSCH

*Spesialiteite in*
**VERGROTINGS, KLEUR- EN ALLE BUITEFOTOGRAFIE**

# DIE Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
(Uitgegee onder beskerming van die V.S.R.)



Prys 13/6

**LUBBE**
vir Skoenherstelwerk en Sandale

Deel IV No. 23 | VRYDAG, 16 JUNIE 1950 | PRYS 3d.

# Sportsake en -Finansies Breedvoerig Bespreek

## Sportsekretaris Reik Verklaring Uit

**In 'n verklaring wat aan DIE MATIE uitgereik is, bespreek mnr. Jannie Krige, Algemene Sportsekretaris van die Universiteit, die hele kwessie van sport- en toegangsgelde volledig. Onder andere wys hy daarop dat toegangsgelde by Coetzenburg minder as by Nuweland is en noem hy die moontlikheid dat betonblaaie vir koshuis-tennisbane aangelê sal word. Mnr. Krige se verklaring volg op 'n onlangse besluit van die V.S.R. om 'n Kommissie van Ondersoek na die werksaamhede van die Sentrale Sportkomitee in te stel. Die verklaring lui soos volg:**

**In teenstelling met die algemene opvatting is die Universiteitsraad alle sportaangeleenthede besonder goedgesind. Vanjaar dra die Universiteitsraad meer as £4,000 by tot die instandhouding en afrigting van ons sportklubs.**

**Sportuitgawes het gestyg vanaf £1,634 in 1937 tot £10,200 in 1950. Van hierdie bedrag dra die studente aan sportgelde £3,250 en aan hekgelde ongeveer £500 by.**

Die geweldige toename in sportuitgawes is grotendeels te wyte aan die vermeerdering van ons studente en die meegaande vereistes aan fasiliteite. In die afgelope paar jaar het 'n hele aantal nuwe sportsoorte hulle verskyning op Universiteit gemaak, bv. bofbal, sagtebal, gimnastiek, tafeltennis en jukskei.

### EKSTRA UITGAWES

Behalwe vir die uitgawes wat hierdie nuwe klubs teweeggebring het, moes die Sportkomitee gedurende die afgelope drie jaar byna £7,000 vind vir kapitale uitgawes soos nuwe tennisbane en ruimer voorsiening vir toeskouers op Coetzenburg. Reeds nou al moet hulle kopkrap vir beter fasiliteite vir die aanstaande rugby-intervarsity.

Die Sportkomitee het ten spyte van hierdie uitgawes besluit dat lede wat self aan sportaangeleenthede deelneem, alle moontlike fasiliteite wat kan bekostig word, moet bekom.

Aan spanne van alle klubs word byvoorbeeld vergun dat hulle hul teenstanders 'n verversinkie na die wedstryd mag aanbied. Hoe gering hierdie uitgawe ook al mag voorkom, beloop dit tog na die aardige sommetjie van £300 per jaar.

Die paar naturelle wat op die tennisbane werk, verdien £500 per jaar; sporttoerusting soos tennisballe, krieket- en bofballe, bokshandskoene, kolwe en rugbyballe kos die Sportkomitee jaarliks £600, terwyl die vervoerkoste van ons sportspanne na wedstryde nie minder as £1,100 per jaar beloop nie. Al hierdie en ander uitgawes word as noodsaaklik beskou en daar is besluit om nie hieraan te besnoei nie.

### SPORTGELDE

Aangesien die Sportkomitee nie verdere finansiële hulp van die Raad kan verwag nie, moes die geld op 'n ander wyse gevind word. Elke student betaal jaarliks £1/12/6 aan sportgelde, maar aangesien alle studente nie gebruik maak van sportfasiliteite nie, sou dit ietwat onregverdig wees om hierdie gelde te verhoog. (By sommige ander Universiteite is hierdie sportgelde so hoog as £4/10/-!)

Daar is ook die moontlikheid dat indiwiduele klubsubskripsies van 5/- tot 10/- of selfs 'n £1 kan verhoog word. Dit sal egter die ledetal van baie klubs nadelig beïnvloed.

**Die enigste ander uitweg is om die toegangsgelde na sportwedstryde te verhoog sodat die las eweredig tussen sportgeesdriftiges verdeel word en die studente dus nie alleen hierdie las moet dra nie. Die verhoogde toegangsgelde by sportwedstryde sal na beraming sowat £400 ekstra inbring. Van hierdie bedrag sal die publiek meer as die helfte bydra!**

### COETZENBURG GOEDKOPER

Die Sportkomitee het egter gevoel dat daar wel voorsiening gemaak moet word vir die „arm" student wat gretig is om sportwedstryde by te woon, maar wie se sak miskien nie daardie ekstra 1/- kan dra nie. Daar is dus twee omheinings gemaak — die een miskien 'n bietjie meer gerieflik as die ander, maar albei bied nogtans gerieflike sitplekke aan.

By die A-omheining is die toegangsgelde verhoog van 1/- tot 1/6 terwyl die pawiljoensitplekke nog 'n ekstra 1/- kos soos in die verlede. Toegangsgelde na die B-omheining, wat gratis sitplekke bied, is nog steeds 1/-.

Dit dien gemeld te word dat op Nuweland studente na die A-omheining toegelaat word ook teen 1/6, maar dat hulle wel toegang kry na die B-omheining vir 6d. Maar selfs dan kos 'n sitplek nog 1/-.

As ons dus Coetzenburg met Nuweland vergelyk vind ons dat toegang na die plaaslike A-omheining presies dieselfde kos maar dat die sitplekke op Nuweland 6d. meer kos as op Coetzenburg. Verder, terwyl toegangsgelde na die B-omheining op Nuweland slegs 6d. is, bied hulle geen sitplekke aan nie, terwyl die B-omheining op Coetzenburg wel gratis sitplekke aanbied.

### DAMES WIL AANSLUIT

**In die verlede het alle ingeskrewe lede van die verskillende klubs ook gratis toegang gehad na alle wedstryde waarin daardie spesifieke klub betrokke was. Vanjaar is hierdie reëling in die rugbyklub afgeskaf. Die rede hiervoor is dat in die verlede baie studente, selfs dames(!), by die rugbyklub kom aansluit het, nie om rugby te speel nie, maar om gratis toegang na die rugbywedstryde te verkry.**

**Verlede jaar het die rugbyklub byvoorbeeld byna 450 ingeskrewe lede gehad waarvan slegs sowat 180 regtig wou rugby speel. Die ander wou bloot goedkoper toegang verkry deur aan die begin van die seisoen die rugbybestuur te probeer oortuig dat hulle werklik ook wou voetbal speel.** Die organisasie sou onder sulke omstandighede slegs moontlik wees in 'n Utopia.

In plaas van die rugby-inskrywingsgeld te verhoog na die normale bedrag van al die seisoen se toegangsgelde, is besluit om die stelsel te volg wat op die oomblik in werking is. Hiervolgens word alleen spelers wat werklik daardie dag speel gratis by die hekke toegelaat.

Indien 'n speler 'n besering sou opdoen wat hom vir die res van die seisoen van die veld sal hou, sal die rugbybestuur sy aansoek om gratis toegelaat te word, graag en gunstig oorweeg.

**Hierdie uitgawe van DIE MATIE is die laaste vir hierdie kwartaal. Graag wil ons aan al ons lesers 'n baie aangename vakansie toewens. Aan al ons spanne wat op toer gaan, wil ons ook die allerbeste toewens.**

### TENNISBANE

**Klagtes oor die tennisbane by die koshuise is heeltemal gegrond en die Sportkomitee hoop om binnekort hulle volle aandag hieraan te bestee. Indien moontlik sal planne gemaak word om alle koshuisbane met betonblad te voorsien sodat daar dwarsdeur die jaar gespeel kan word.**

Hier dien ook gemeld te word dat enige lid van die publiek meer as £2 per jaar sou moes betaal om te kan tennis speel — al is die bane ook maar net so swak. Al ons studente kan gebruik maak van die tennisbane en van die swembad — en dit alleen regverdig meer as die £1/12/6 wat aan die begin van die jaar betaal word.

# 1949 Juniors Skenk £200 Aan Poliofonds

## Ds. Z. B. Loots Spreek Dank Van Komitee Uit

**'n Tjek vir £200 is onlangs deur mnr. Ben Heyns namens die Juniors van 1949 aan die Voorsitter van die plaaslike tak vir bestryding van Polio, ds. Z. B. Loots, oorhandig.**

Die vergadering was in die raadsaal van die die Stadsraad, en is bygewoon deur lede van die Stadsraad, die komitee van die Poliofonds, en die kaptein, sekretaris en tesourier van 1949 se Juniors.

Smaaklike verversings is bedien, en daarna is die tjeks oorhandig.

**Ds. Loots het in 'n brief aan „Die Matie" sy dank uitgespreek:**

**„Die plaaslike komitee wat vir die insameling van fondse ter bestryding van Polio verantwoordelik is, wil graag deur middel van u blad ons dank en waardering teenoor Stellenbosch se studente uitspreek.**

Daar is reeds die som van £1098 byeengebring; vir £307 daarvan was die studente direk verantwoordelik. Die Juniors van 1949 het die mooi som van £200 — wat vir meer direkte studentebelange aangewend kon word — vir die onderhawige saak afgestaan.

### STRAATKOLLEKTE

'n Ander lofwaardige poging was die straatkollekte van die Dept. van Sosiologie en Maatskaplike werk onder leiding van mnr. Jan de Villiers, waardeur daar £107/10/- ingesamel is.

**Ons waardeer nie alleen die geldelike bydrae vir so 'n verdienstelike saak nie, maar bewonder die pragtige positiewe optrede van die jongmense.**

Sulke daadkragtige aktiwiteite toon dat ons studente tot groot dinge in staat is, waar hulle deur hoë ideale gelei word.

Diens van so 'n gehalte moet noodwendig 'n vrugbare nawerking hê op die wat dit lewer, en 'n heilsame uitwerking op hulle aan wie dit gelewer is.

Aan die studente dus nogmaals ons hartlike dank."







„Jy is op pad na jou eerste groot party. Jy lyk pragtig maar jou selfvertroue sal jou af en toe 'n bietjie in die steek laat. As dit gebeur, moet jy net 'n Westminster ‚Petite' opsteek. In 'n oogwink sal jy jou selfvertroue herwin. Niks help soveel as 'n sigaret om jou ewewigtigheid te stut nie—maar moet dinge nie oordryf nie, kindjie, en bly by ‚Petite'—hulle is aangenaam sag, net reg vir die pouse wat kort is."

★ *Opnames wat verlede jaar die hele jaar deur gemaak is, toon dat meer vroue* WESTMINSTER ‚PETITE' *rook as enige ander sigaret.*

161

# Strooptogte voor Intervarsity Gaan Te Ver

## Ooreenkoms Met Ikeys

**„Hierdie Raad spreek sy spyt uit oor die afmetings wat die strooptogte voor die onlangse Intervarsity aangeneem het. Die Raad besluit om 'n komitee van vier uit sy geledere te kies, om sonder versuim met die V.S.R. van U.K. 'n ooreenkoms vir die toekoms oor hierdie saak te vind."**

So lui die mosie wat die V.S.R. op sy onlangse vergadering aangeneem het. Mnr. Piet de Kock, die voorsteller, het veral daarop gewys dat die strooptogte uit verband geruk het, en hul doel heeltemal mis.

Die sekondant, mnr. Ben Heyns, het ook gesê dat die saak te ver gegaan het, en dat kontrole alleenlik moontlik sal wees met die samewerking van die studente.

Die komitee wat met die oog hierop saamgestel is, bestaan uit die primarii van die koshuise wat regstreeks by die strooptogte betrokke was, nl. mnre. O'Kennedy, De Kock, De Vos en Rolfes.

**Voorts is 'n mosie ingedien, wat beoog dat geen sportklub wat nie erkenning van die Sentrale Sportkomitee het, deur die V.S.R. erken sal word nie.**

Mnre. Buys en De Kock het beswaar gemaak op grond daarvan dat so 'n reëling 'n deel van die V.S.R. se mag uit sy hande sou neem.

„Ons finansiële posisie laat geen finansiering van nuwe klubs toe nie; want indien die V.S.R. 'n nuwe sportklub erken, moet so 'n klub ook finansieel gesteun word." Aldus mnr. Ben Heyns.

Die voorstel is nie aangeneem nie.

**Luide „hoor! hoor!"-uitroepe is gehoor toe mnr. Ben Heyns voorgestel het dat dirigente se bewegings op die veld met Intervarsity in die toekoms vooraf bepaal word. Hul verskyning lui 'n tydjie van tense afwagting in en moet met die nodige waardigheid gepaard gaan.**

Besware is aangeteken teen die té vrye gebruik van die universiteitswapen op allerhande kleure bandjies en beursies. Veral mnr. Hitler Hanekom het heftig beswaar gemaak teen die goedkoopmakery van ons wapen.

Mnr. Danie Malan het in sy voorgestelde nuwe memorandum aan die Universiteitsraad aanbeveel dat die Langenhoven-gedenksaal tussen Wilgenhof en Soeteweide opgerig moet word.

Hierdie perseel is sentraal geleë, met genoeg parkeerplek voor die Landbou- en Ingenieursgeboue, dis nie in 'n woonbuurte nie, en ook nie te ná aan die kerk nie, het hy gesê.

Die V.S.R. vra dus aan die Universiteitsraad om die beste perseel vir die bou van die saal af te staan.

Prof. Thom is deur mnr. Malan voorgestel as lid van die Langenhoven-gedenksaalkomitee, sodat die komitee 'n direkte skakel met die Universiteitsowerheid kan hê. Die voorstel is eenparig aangeneem.

Ten laaste het mnr. Tjoks de Vos voorgestel dat die dag waarop wyle mnr. Jannie Marais se standbeeld onthul word, 'n vakansiedag moet wees, en 'n program gereël word.

Hierdie voorstel is deur mnr. Hitler Hanekom heelhartig gesteun. Hy het egter gevoel dat die V.S.R. beslis „shine" moet kry op hierdie dag.

Dit kan geskied deurdat die V.S.R.-lede byvoorbeeld almal keile, streepbroeke en swaelstertmanelle dra.



**'n Ooreenkoms dat studente aan albei Universiteite versoek word om voortaan voor Intervarsity net trofeë en wapens oor en weer van mekaar te buit, is tussen ons V.S.R. en dié van Ikeys getref. Ons spotprenttekenaar reken dat 'n sterk wag voortaan vóór Intervarsity by die Hoofgebou gestasioneer sal moet word.**

# KENNISGEWING: AAN VERENIGINGS

Die Sang- en Verenigingskomitee van die V.S.R. erken die ontvangs van aansoeke om erkenning van die volgende verenigings:

C.S.V., C.S.K., C.S.S.B., Admissiebond, Volkspelelaer, Landsdiensvereniging, Wetenskaplike Landbouvereniging, Dramaklub, Nasionale Jeugbond, Ingenieurstudentevereniging, Ekonomie en Handel, Wetenskaplike Vereniging, Fotografieseklub, Platevereniging, Debatsvereniging, Musiekvereniging, B.T.K., Bantoestudiekring, Jan Pierewiet, Sosiologiese Vereniging, Juridiese Vereniging.

Die Sang- en Verenigingskomitee sal onderneem om, indien verenigings daarin belangstel, 'n program van vergaderings en bedrywighede van verenigings op te stel met die doel om oorvleueling te probeer voorkom.

Bogenoemde verenigings word versoek om asseblief alle datums waarop hul van plan is om gedurende volgende kwartaal byeenkomste te hou, vóór die begin van volgende kwartaal, aan die komitee te verseker.—**Mej. Laura Haddad (voors.), Monica.**

# VSR-LID EN PRIMARIA

MEJ. LAURA HADDAD, een van die drie dameslede op die V.S.R. en primaria van Monica, is afkomstig van Clocolan in die Oranje Vrystaat.



Haar laaste skooljare het sy aan die Hoër Meisieskool Eunice, Bloemfontein, deurgebring. In 1947 het sy na Stellenbosch gekom om met haar kursus in Huishoudkunde te begin, maar in 1949 na Dieetkunde verander toe dié kursus hier ingestel is. Laura hoop om vanjaar een van die eerste twee Stellenbossers te wees om 'n graad hierin te verwerf. Sy is voornemens om volgende jaar na die Groote Schuur-hospitaal te gaan, waar sy 'n verdere studietydperk van tien maande sal moet deurmaak om haar as dieetkundige te bekwaam.

Laura is sedert die begin van verlede jaar primaria van Monica en is aan die einde van die jaar tot V.S.R.-lid verkies. As voorsitster van die Sentrale Dameskoshuiskomitee het Laura haar baie beywer vir wysiging van die dameskoshuisreglement. Sy was nog altyd van mening dat die Stellenbosse dameskoshuise in baie opsigte soos skoolkoshuise behandel word. Sy wil graag sien dat die dames meer moet toegelaat word om hul eie bestuur waar te neem en volgens eie diskresie te handel. Wat die verandeirngs wat uiteindelik vanjaar aan die reglement gedoen is, betref, reken Laura beslis dat dit 'n verbetering op die toestand is.

Laura het die goeie studentegees wat op Stellenbosch heers, geroem. Sy sou egter graag wou sien dat die studente meer aktief in sake wat hul eie belange raak, moet belangstel. So byvoorbeeld weet die meeste studente bloedweinig van die werksaamhede van die V.S.R. Voorts reken sy dat die studente oor die algemeen te min gebruik maak van die kanse wat Stellenbosch 'n mens bied om jou algemene kennis te verbeter.

Gevra wat sy van die Stellenbosse mans dink, wou Laura nie 'n opinie uitspreek nie. Sy stel baie belang in musiek en is lief vir swem en tennisspeel.

# Debatsvereniging Gaan Kragte Meet

Vier lede van die Debatsvereniging vertrek vandag na die Noorde om aan 'n reeks interdebatte met die Noordelike universiteite deel te neem.

Die vier lede is mejj. Ena Rousseau en Marie-Louis Dames, mnre. Sas Strauss en Felix Harris. Die sekretaris van die Debatsvereniging, mnr. Gerrit Thierry, wat tesame met die Bestuur onvermoeid gewerk het om die toer te verwesenlik, vergesel die groep.

Die geselskap hoop om oormôre hulle opwagting in Pietermaritzburg te maak, waar hulle Maandagaand teen die Natalse universiteit sal debatteer. Die volgende aand sal hulle met die Universiteit van die Oranje Vrystaat argumente wissel.

'n Inter-universitêre debat tussen P.U.K., U.P. en U.S. word Vrydagaand op Potchefstroom afgehandel. Daarvandaan sal die sprekers na die Goudstad vertrek om met Wits kragte te meet.

Die laaste debat sal teen die Universiteit van Pretoria gehou word.

# UITVOERING VAN MOZART-SONATAS

Sondagaand om 8.30 vind die laaste uitvoering plaas van die reeks Mozart-vioolsonatas, deur Elise de Villiers (viool) en Esme Kraus (klavier) in die Konservatorium-saal.

Die 16 viool-sonatas is ook van daardie juwele in Mozart se musieknalatenskap wat die hoorder altyd dwing tot die grootste bewondering vir die skepper daarvan. Die samestelling daarvan is deurgaans teer en innig alhoewel dit ook nie ontbreek aan sprankelende allegro's nie!

Die hoofkenmerk van die uitvoering van hierdie reeks sonatas was dan ook die egtheid en eenvoud waarmee die twee kunstenaresse dit voorgedra het. Geen wonder dat die belangstellende gehore met elke uitvoering weer in vervoering was nie.

Die twee musiekverenigings, wat verantwoordelik was vir die reëling van hierdie genoeglike programme, kan nie nalaat om Elise de Villiers en Esmé Kraus van harte geluk te wens met die pragtige bydraes nie.

W. S.

# Kant En Kandelare By Huis-ten-Bosch

'n Opera by kerslig was die jaarlikse dinee van Huis-ten-Bosch op 3 Junie. Daar was die onontbeerlike atmosfeer van misterie — geskep deur die halflig, en die spyskaart!

Bekende „sangers" was teenwoordig. Die puik aria's van die aand is gelewer deur mej. Colleen Shepherd, die primaria, wat die eregaste verwelkom het en die heildronk op hulle ingestel het.

Ook het ds. J. S. Gericke op geïnspireerde wyse die „Soldier's Chorus", waarmee hy die heildronk op die mans ingestel het, vertolk.

Mnr. Louis Stofberg het hierna bewys dat „La Donna e Mobile", maar dat dit 'n deugdelike wispelturigheid is.

Nadat die nommers uit die operas ten volle uitgehoor en geniet is, was die keuse aan die gaste gestel, „The Concert — or the Battleground", waarna 'n kaggelvuur, Chopin-musiek en 'n koppie koffie die finale toneel gevorm het.

# Ingenieurstudente Hou Konferensie

**Die eerste konferensie van Ingenieurstudente word van 10 tot 18 Julie op Grahamstad gehou. Dit is 'n lang gekoesterde ideaal van al die ingenieursfakulteite van die verskillende universiteite om mekaar op gemeenskaplike grond te ontmoet.**

Die behoefte aan nouer samewerking, omdat hulle belange dieselfde is, bestaan reeds lank, en daar word gehoop dat hierdie konferensie die begin sal wees van 'n reeks konferensies wat sal lei tot nouer samewerking en behartiging van die besondere belange van die ingenieurstudent.

Die Stellenbosse Ingenieursvereniging het mnre. H. Beckurts en G. Knott as afgevaardigdes na die konferensie benoem. Behalwe Stellenbosch, sal ook die Universiteite van Witwatersrand, Natal, Rhodes en Kaapstad aan die konferensie deelneem.

Op die voorlopige agenda is reeds die volgende onderwerpe vir bespreking geplaas:

Die besoek van oorsese dosente; die Ingenieursvereniging van Suid-Afrika en sy belange vir Studente en Gegradueerdes; en uitruiling van leerplanne.

Die afgevaardigdes van Stellenbosch sal ook nog die volgende vir bespreking voorstel:

Vakansiewerk vir Ingenieurstudente, die reël van besoeke aan die buiteland vir nagraadse studente, Uitruiling van opvoedkundige films en Gemeenskaplike ondersoek i.v.m. die verkryging van informasie van oud-studente, wat van waarde sal wees vir die finale-jaar ingenieurstudent.

Die afvaardiging is moontlik gemaak deur die mooi geldelike bydraes van die dosente en studente van die Ingenieursfakulteit, en 'n bydrae van die V.S.R.

Ons beste wense vergesel die afvaardiging. Ons twyfel nie daaraan dat hulle die belange van die Stellenbosse Ingenieurstudente knap sal behartig nie.

# *Tennis*

## Inter-Universitêre Toernooi

Die volgende spelers is gekies om Stellenbosch te verteenwoordig op die Inter-universitêre Tennistoernooi om die Wilcocksbeker, wat vanaf 24 tot 29 Julie in Pietermaritzburg gehou sal word:

**Mans:**
K. O'Kennedy (Kapt.), E. Wohlberg, F. Botha, A. Olivier, K. Butler, P. Adams (reserwe).

**Dames:**
L. Kilian (Kapt.), P. Sim, M. Avenant, P. Squire, C. Krige, A. Jooste.

Besoek die
GOOD HOPE KAFEE
(Onder Nuwe Bestuur)
Probeer ons Spesiale Geregte van Roomys sowel as Maaltye

GEBRS. HENDRIKSZ
Die Afrikaanse Slagter
Vir enige Vleis en Boerwors. Ook Tuisgemaakte Polonie.
Andringastraat - Foon 198

MATIES!
Volkleuromboorsel nou weer beskikbaar!
DIE EIKESTADWINKEL BEPERK

# Die Matie

**REDAKSIE**

HOOFREDAKTEUR: Mnr. Sas Strauss. (Wilgenhof, 0032).
ASSISTENT-REDAKTEUR: Mnr. Jacobus Olivier. (Wilgenhof).
NUUSREDAKTEUR: Mnr. Con Kruger. (Huis-Visser, 0053).
NUUSREDAKTRISE: Mej. Kina Botha. (P.S.O., 441).
SPORTREDAKTEUR: Mnr. Basil Blackburn. (Dagbreek, 0019).
Medewerkers: Mnre. Johan Bredell en Jan de Wet.
MUSIEK EN KUNS: Mej. Louie Kritzinger. (Huis-de-Villiers, 0039).
SPOTPRENTTEKENAAR: Mnr. Schalk Burger. (Wilgenhof).
VERSLAGGEWER: Mnr. Nico van der Merwe. (Huis-Marais, 0046).

**ADMINISTRASIE**

ALGEMENE SEKRETARIS: Mnr. Jan Viljoen. (Huis-Visser).
TESOURIER: Mnr. Johan Streicher. (Helderberg, 0045).
ADVERTENSIEBESTUURDERS: Mnr. Hofmeyr Scholtz, (Helderberg) en mej. Kina Botha.
SIRKULASIEBESTUURDER: Mnr. Pikkie Baard. (Wilgenhof).

STELLENBOSCH, VRYDAG, 16 JUNIE 1950


# Die Veld Wat Braaklê

'n Beskuldiging wat in die afgelope tyd nogal dikwels teen die Stellenbosse studente ingebring word en wat binne sowel as buite Stellenbosch gehoor word, is dat die studente nie meer as geheel soos van ouds 'n stem in landsake laat opgaan nie; dat hulle selfs nie meer in sulke dinge belangstel nie. So 'n aantyging teen studente aan 'n Universiteit wat sigself 'n Volksuniversiteit noem, is ernstig. Hoe ernstig bewerings van hierdie aard deur die studente self opgeneem word, is egter 'n ander vraag. Ons wil tog immers nie heeldag en aldag aan die sogenaamde „goeie ou tyd" herinner word nie.

Dit beteken nog nie dat hierdie aanklag ongegrond is nie. In die verlede is daar dikwels en heftig deur die Stellenbosse studentegroep geagiteer in taal- en politieke kwessies. Stellenbosch se stem het dwarsdeur Suid-Afrika weerklink. Welke gewig hierdie „stem van Stellenbosch" by die Suid-Afrikaanse publiek dra, het weereens baie duidelik geblyk toe persoonlike menings wat onlangs oor Engels as amptelike taal op 'n debatsvergadering uitgespreek is — daar was sowat vyftig mense teenwoordig — as voorbladnuus in een van die grootste Randse koerante gepubliseer is.

Die Afrikanerdom het vandag ná jare van opdraande stryd 'n posisie bereik waarin hy vir 'n oomblik kan asemskep en kan omkyk na die dinge wat behaal is. Dit is miskien ook die posisie waarin ons studentegemeenskap vandag verkeer. Ons roem graag die prestasies wat Stellenbosch behaal het; ons wys graag na die rol wat oud-Stellenbossers vandag in ons volkslewe speel. Baie van die dinge waarvoor hulle gestry het, beskou ons vandag as uitgemaakte sake. Ons houding ten opsigte van die taalvraagstuk byvoorbeeld is: Wel, ons is dankbaar vir wat behaal is, maar wat kan ons nou verder daaraan doen? So 'n houding is ook nie ten onregte nie; ons kan met reg trots wees op wat behaal is.

Maar hier mag ons nie ophou nie. Ons moet die blik werp op wat voorlê. Ons moet kyk na die veld wat nog braaklê. Is ons genoeg bewus van die omvang en dringendheid van ons grootste probleem: ons rassevraagstuk? Is ons bewus van die taak wat op ons geslag wag in die oplossing hiervan? By baie van ons strek belangstelling in hierdie vraagstuk nie veel verder nie as politieke slagkrete wat van tyd tot tyd meedoënloos herhaal word. Verder ontbreek belangstelling. Terme soos „kleurvraagstuk" en „naturelleprobleem" verveel ons.

Volgens gesaghebbende beraming gaan daar in die jaar 2000 — net vyftig jaar vorentoe — 5.7 miljoen blankes teenoor 28.3 miljoen nie-blankes in Suid-Afrika wees. Durf ons nog sê dat die kleurvraagstuk oninteressant is?

Dit is 'n bemoedigende feit dat 'n vyftigtal studente, bewus van die erns van die saak onlangs onder leiding van die Bantoestudiekring 'n studiebesoek aan naturelle-woonbuurtes in Kaapstad gebring het om op hierdie wyse 'n kykie te neem in die ware kleur van die probleem. Dit dien as bewys dat belangstelling wel aanwesig is. Dit is egter nie genoeg nie. Wat nodig is, is die belangstelling van die studentegemeenskap as geheel. Dit is ons plig om die rassevraagstuk op wetenskaplike wyse te bestudeer. 'n Aangewese middel tot hierdie doel is die organisasie SABRA, (Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede) waarvan die hooftak in Stellenbosch is. SABRA, tot dusver nog 'n betreklik onbekende organisasie, is in 1947 deur 'n aantal vooraanstaande Suid-Afrikaners met die doel van wetenskaplike bestudering van ons rasseprobleem gestig. Die organisasie is onafhanklik van enige politieke party of liggaam. Tot dusver het etlike publikasies van die Buro al die lig gesien. Die Buro is nog besig om sy organisasie in die haak te kry en is tans besig om 'n spesiale lidmaatskap vir studente in die lewe te roep.

**Hier is ons kans. As ons wil toon dat die Stellenbosse student nog in landsake belangstel, dat ons studente in die ware sin van die woord is, dan moet ons hierdie geleentheid te baat neem. Laat ons ons volle steun aan SABRA toesê.**

DIE MATIE word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die Studente Verteenwoordigende Raad, Stellenbosch.

# ‚Onderskeiding in Hokkie III Dui Nie Op Agteruitgang'

**Mnr. F. Schreuder, Dagbreek, skryf:**

My skrywe is nou wel soos die spreekwoordelike mostert na die maal, maar in belang van die saak wat ek gaan aanroer, mag dit nie nagelaat word nie.

Ek verwys u na die debatsvergadering op Vrydagaand, 19 Mei, toe die onderwerp van die agter- of vooruitgang van ons Universiteit bespreek is.

By hierdie geleentheid het mnr. Louis Stofberg, die inleier, melding gemaak van die feit dat 'n onderskeiding in Sagtebal III gekry kan word. Dit het hy gebruik om sy standpunt, dat die Universiteit op die afdraand is, te staaf.

Dit bewys juis die teenoorgestelde. Voorheen was daar nie eksamen gedoen is die verskillende sportsoorte nie! En waar eksamen gedoen word mag jy nie onderskeid maak in die verkryging van onderskeiding nie — al is dit ook waarin.

Dat die Universiteit op die afdraand is, glo ek ook nou, om die rede dat 'n student (die room van ons land se breinkrag) 'n stelling kan maak sonder om dit eers deeglik te ondersoek.

Sal die studente in die Regte dan nie asseblief in dié opsig leiding kan gee nie? Hulle ondersoek mos eers deeglik voordat hulle 'n stelling maak, soos ons rede het om te veronderstel.

Die eintlike doel van my skrywe is om mnr. Stofberg en sy mede-ongelukkiges (en daar is baie van hul) in te lig omtrent die liggaamlike opvoedingskursus. As studente van daardie departement moet ons so dikwels smalende aanmerkings omtrent ons vakke aanhoor.

Hokkie III word slegs gebruik om die onderskeid tussen die eerste-, tweede- en derdejaar aan te dui. Dis geen vak in die regte sin van die woord nie.

Inteendeel is Hokkie III 'n baie klein onderdeel van een vak, nl. Liggaamsopvoeding. Boonop sluit die kursus nog twee B.A.- òf B.Sc.-vakke, een op eenjarige, en die ander op driejarige basis, in.

Die aantyging wat mnr. Stofberg teen die betrokke fakulteit en teen ons hele Universiteit gemaak en die wêreld ingestuur het, is bepaald onverantwoordelik. Dit spreek van onkunde en kan niks goeds voortbring nie.

Ek dank u vir plasing.

(Verkort. Ons wil graag ons korrespondent daarop wys dat mnr. Stofberg in sy toespraak na Netbal III verwys het, soos ook in DIE MATIE vermeld is. —Red.)

# CORRESPONDENTS WANTED

**Mr. Siegfried Bachmann, Germany, writes:**

I should like very much to correspond with a suitable student of the University of Stellenbosch (male or female). Knowing nobody in your country I take the liberty of asking you if you are able to arrange this for me.

As to myself, I am now studying History, Philosophy, German and Comparative Philosophy in the University of Würtburg (Southern Germany). I am particularly interested in politics, human beings and other problems of our time. My age is 23.

The partner requested for, may write in English, Afrikaans or German. I shall answer in English or German (my active commend of "die Afrikaanse taal" is rather limited, and I am sorry for that).

My full address is:

Siegfried Bachmann.
Gemündener Str. 478,
(13a) Karlstadt / Main,
Germany.

# *Benamings Van Grade*

**J.D. (E.Nw.), skryf:**

Dit word gesê dat ons Universiteit 'n Volksuniversiteit is, verantwoordelik vir die opbou van 'n deel van ons volkstradisie; dat die studente hier opvoeding ontvang wat hulle volle Afrikaners maak.

Maar wat vind ons by die gradeplegtighede? Die graad van „Baccalaureus Artium" word aan . . . verleen, hoewel dit genoem word: „Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte." Iemand wat Afrikaans ten volle magtig is, sal by so 'n plegtigheid nie die vaagste benul hê van die betekenis van so 'n graad nie tensy hy voorheen al daarmee kennis gemaak het en iemand hom gesê het dis 'n Eerstegraad.

B.Sc.Ing. staan vir: „Baccalaureus Scientarum (in) Ingenieurswese", is dit nie 'n gedrog nie? Dan word dit genoem: „Baccalaureus in Natuurwetenskap in Ingenieurswese"— waar is die verband tussen die graad se naam en sy afkorting? Albei is half-Latyns, die een meer as die ander, en geeneen is heeltemal verstaanbaar vir iemand wat net Afrikaans ken nie.

En waarvoor staan B.Ed.Ph., LL.B., B.Sc. in Huishoudkunde, M.Sc. in Bosbou, D.Phil., ens.? Is dit nie meer logies om te praat van Eerstegraad in Regsgeleerdheid, Meestergraad in Natuurwetenskap in Huishoudkunde, Doktorsgraad in Lettere, ens., en hul as volg af te kort nie? Naamlik: E.R., M.Nw.H., (of Huish.) en D.L. (of Let.).

B.A. word dan E.L.W., M.A.: M.L.W., B.Ed.: E. Opv., B.Sc.: E.Nw., M.Sc.Agric: M.Nw. Landb., D.Sc.Ing.: D.Nw.Ing., B.Comm.: E.Hw. (Handelswetenskap), B.D.: E.T. (Teologie), D.Phil.: D.W. (Wysbegeerte), B.Mus.: E.Mus. of E.T.K. (Toonkuns).

Is hierdie benamings nie meer in ooreenstemming met ons volksaard nie? Ook staan elke afkorting vir iets verstaanbaars en vir iets wat presies net so genoem word by die toekenning daarvan.

Waarom kan Stellenbosch nie die voortou neem in hierdie verband nie? Dit sal myns insiens 'n groot stap wees in die regte rigting, en bogenoemde benamings en afkortings sal geen afbreuk doen aan ons „akademiese waardigheid" nie

## *U SKRYF — ONS LEES*

# Fliekkaartjies

Die volgende persone kan fliekkaartjies kom afhaal by mnr. Kenney O'Kennedy, Wilgenhof:

**Op Maandag, 19 Junie tussen 1 en 2 nm.:**

Mejj. C. J. Botha, D. Ferreira, R. Gorle, J. G. Hugo, A. J. Gaerdes, R. Hupkes, N. A. Marais, H. L. N. May.

Mnre. C. J. Barnard, G. Bam, C. J. Burger, P. J. Cornelissen, J. M. Delport, A. du Toit, A. M. Hugo, J. Jones.

**„BOYS' TOWN" met Spencer Tracy en Micky Rooney** in die hoofrolle word môreaand deur die C.S.-Klub in die C.S.V.-saal om 8.15 nm. vertoon. Toegang: Lede 1/3, nie-lede 1/9. (Die rolprent verbeeld die ware verhaal van 'n Amerikaanse predikant se stryd teen jeugmisdaad. Hierdie film het heelwat opspraak verwek toe dit vir die eerste keer die lig gesien het. Onlangs is 'n tweede uitgawe daarvan deur M.G.M. gemaak).




*Sekerlik, Meneer!*

*Ons sal dit onmiddellik aflewer! Van der Stel's vir diens! Ons is goed voorsien van Suid-Afrikaanse en ingevoerde wyne, spiritualieë, moutdranke, likeurs en bruisdranke. En as u besondere bestelling nie voorradig is nie, sal ons ons bes doen om dit vir u in die hande te kry—gou-gou. Maak 'n nota van ons telefoonnommer. Dis 94. Tot siens, meneer!*

**VAN DER STEL-DRANKWINKEL**
**TELEFOON 94 - STELLENBOSCH**

PAS ONTVANG

**SELLOTAPE — Klein rolletjies — Prys 1/-.**

•

**POTLOODPUNTE vir draaipotlode — Pryse 5d. en 1/3 per buisie.**

•

**SKRYFBLOKKE en KOEVERTE in verskillende kleure, met die Universiteitswapen.**

•

**UNIVERSITEITSUITGEWERS EN -BOEKHANDELAARS (EDMS.) BPK.**
Pleinstraat, Posbus 29
STELLENBOSCH

# Albina Bini En Jorda Bereik 'n Hoogtepunt

**Die Stadsorkes-konsert van 26 Mei het een van daardie seldsame ervaringe verskaf wat min toehoorders ooit sal vergeet.**

**Na 'n suiwere en presiese lewering van Mozart se „Luizer" Simfonie (wat egter mank gegaan het aan onvoldoende verskeidenheid in dinamiek) het Albina Bini en Enrique Jorda 'n hoogtepunt vir hierdie uitstekende konserte bereik in twee groot werke vir orkes en sopraan.**

Albina Bini het 'n helder, suiwer stem, wat nie baie kragtig is nie. Haar volkome beheersing en diepgaande musikaliteit maak haar egter een van ons fynste kunstenaresse op die konsertverhoog.

Hoe pragtig het sy die delikate, dansende ritmes en vreugdevolle landelike atmosfeer van die Bach „Trou"-kantate weergegee! Die begeleiding was hier met tye ietwat swaar vir haar stem, maar die ritmiese behandelinge was voortreflik.

Die perfeksie wat bereik is in Benjamin Birtten se siklus „Les Illuminations" maak kommentaar oorbodig. Orkes en stem het die wisselende buie van die digter met kristallyne helderheid gevang, sodat die betekenis van die moeilike metafisiese gedigte gedurende die lewering prikkelende duidelikheid gekry het. Mag mens hoop op 'n herhaling van hierdie eersterangse uitvoering van 'n pragwerk!

'n Besonder woord van lof kom die tjelliste toe vir 'n uitstekende toonkleur deur die hele konsert.

Die slotnommer, die Ouverture „Rosamunde" (Schubert) is deeglik gelewer, maar moes noodwendig 'n antiklimaks wees.

### TWEEDE KONSERT

**Die volgende konsert, wat twee weke later gelewer is, het weereens getoon waartoe mnr. Jorda in staat is.** Die eerste deel het vier korter werke ingesluit wat baie van mekaar van aard verskil het.

Die konsert is geopen met die Ouverture „Iphiqénie en Aulide" van Gluck, waarin die wisselende temas van die werk met sukses tot die gehoor oorgedra het.

In die Nocturne en Scherzo uit „Midsomernagdroom" (Mendelssohn) het die orkes egter nie altyd die fyngevoelige vertolking wat hierdie stuk verg, bereik nie.

Liszt se Simfoniese Gedig „Orpheus" was besonder mooi afgerond met 'n diepryk en fyn gevoel. In teenstelling daarmee was „Homenaja a la Temprani-ca" van Rodrigo, wat daarop gevolg het, lig, spontaan en vrolik.

Die hoogtepunt van die program is na die pouse bereik met die Simfonie No. 5 in C-mineur van Beethoven. Alhoewel 'n mens gevoel het dat by sekere dele 'n groter orkes meer reg aan die genie van Beethoven sou laat geskied het, kom alle eer die orkes en dirigent toe vir 'n meesterlike vertolking. Veral in die „Finale", met sy gees van uitbundige vreugde het mnr. Jorda sy orkes tot hul volle hoogtes gevoer.

**By albei uitvoerings was die gehoor nog steeds te klein vir 'n dorp wat hom op sy musieksmaak roem.**

## Rugbyspan Na N.O.-Kaapland

Die Maties onderneem vanjaar weer 'n toer na die Noord-Oostelike dele van Kaapland.

Die span bestaan uit 20 spelers van wie slegs sewe gereelde Eerstespan spelers is, en die ander is tweedespan, derdespan en Onder 19 spelers.

Die ondervinding behoort vir hulle van groot waarde te wees en sal ongetwyfeld in die tweede helfte van die seisoen goeie vrugte afwerp.

Die wedstryd-program is as volg:

28 Julie — teen Aliwal-Noord — op Aliwal-Noord.

1 Julie — teen Burghersdorp — op Burghersdorp.

5 Julie — teen Barkly-Oos — op Barkly-Oos.

8 Julie — teen Onder Drakenstein — op Elliot.

12 Julie — teen Noord-Oostelikes-B — op Aliwal-Noord.

15 Julie — teen Suid-Oostelike Vrystaat — op Rouxville.

19 Julie — teen Colesberg — op Colesberg.

Die volgende spelers is gekies: Van Niekerk, P., Buys, L., Coetzee, A. (kaptein), Aucamp, L., Le Roux, J., Brink, J., Kotze, A., Smith, A., Van Dyk, B., Baard, C., Scholtz, D., Kriel, A., Reitz, C., Basson, A., Rademeyer, J., Terblanche, E., Pickard, J., Barnard, P. (onder-kapt.), Van Rooyen, R., Bekker, C.

## Gewigoptellers Presteer

'n Span van die Hottentots-Hollandse Gewigoptelklub het onlangs op Stellenbosch besoek afgelê om teen lede van die Maties se gewigoptelklub op te tree.

'n Aantal belangstellendes het die kragmanne se pogings met spanning gadegeslaan en telkens het 'n goeie stoot applous uitgelok.

Die kaptein van die Hottentots-Hollandse span, O. Traut, is op die oomblik houer van die W.P. titel in die middelgewig. Sy botsing met J. Fleischmann, die Stellenbosse kaptein, was die hoogtepunt van die aand. Die spanning het hoog geloop toe die twee optellers 'n gelyke totaal in die eerste twee stote (die uitstoot en die plukstoot) behaal. Maar met 'n kragtige poging in die skoonstoot het Traut vir Fleischmann met net 5 lb. geklop.

In die liggewig het 'n verbete botsing tussen Etienne Smit (Stellenbosch) en I. Pepler (H.H.) ontwikkel. Die twee gewigoptellers het dwarsdeur kop-aan-kop geloop en met dieselfde totale geëindig. Pepler is egter op grond van sy ligter liggaamsgewig as die wenner aangewys.

In die veergewig het twee H.H.-manne teen mekaar te staan gekom, met Beer die wenner oor Sadie.



Verlede week het die huisdinee-koors die dameskoshuise beetgepak. Ons foto toon 'n gesellige groepie op Huis-ten-Bosch se dinee.

# Jan Pierewieters Op Toer Na Noorde

**Die Jan Pierewiet-geselskap toer vanjaar met 'n puik verskeidenheidsprogram na dele van Transvaal en Natal. Hulle vertrek op 1 Julie na Johannesburg en vandaar besoek hulle dorpe soos Heidelberg, Bethal, Dundee, Sabie, Witrivier, Piet Retief, Paulpietersburg, Vryheid, Newcastle, Ladysmith en Utrecht.**

Nadat die Universiteitsowerhede reeds onderneem het om die Langenhoven-Gedenksaal te laat oprig, wil die Jan Pierewiet vanjaar met die voorgenome toer sy eerste bydrae lewer tot die nuwe Meubelfonds.

**Die geselskap beskik tans nog oor 'n paar staatmakers van die verlede. Deur hul persoonlike inisiatief en deursettingsvermoë is hierdie toer gereël en daar bestaan geen twyfel dat dit finansieel, sowel as andersins, 'n sukses sal wees nie.**

Dat hierdie toere vir die 22 lede van die Geselskap baie aangenaam is, val nie te betwyfel nie. Die ongerief van 'n volgepakte bus, die stampe en stof van sinkplaatpaaie, ens., doen geensins afbreuk aan die uitstekende gees van die Pierewieters nie.

Vanjaar sal tussen 1 en 15 Julie bykans 2,000 myl afgelê word. Met die slagspreuk: „'n Mens weet nooit waar sal 'n liefdedaad reik nie", is hierdie groepie studente egter bereid om hul vakansie op te offer, om afstand en koue te trotseer vir een groot ideaal — die Langenhoven-Gedenksaal.

Vir hul ondersteuners sê die Pieriewieters dit: „Hierdie saal word nie opgerig alleenlik in belang van die studente op Stellenbosch nie. Dit sal in diens van Suid-Afrika staan, want duisende vanaf alle hoekies van die land sal in die toekoms daarvan gebruik maak."

*Dameshokkie*

# EERSTESPAN GAAN TOER

**Gedurende die vakansie toer die eerste dames-hokkiespan na Durban vir 'n interuniversitêre toer. Op 3 Junie het die span kragte gemeet met Groenpunt en Seepunt. Die wedstryd was stadig en het gelykop geëindig met twee doele aan elke kant.**

Die 1R(a) het die Groen- en Seepunt- 1R(a) span met 5 doele teenoor een kafgeloop. Hierdie wedstryd was vinnig en aanskoulik. Doele vir U.S. is aangeteken deur J. von Wiettersheim (2), L. le Roux, J. Bester en B. Steinbauer.

Die hoogtepunt van die dag was egter die 1R(b) wedstryd. U.S. het Training College, Mowbray, met 6—1 oorrompel. Die uitblinkers was E. Eksteen en P. Squier.

Uitstekende samespel het die wedstryd gekenmerk, en met so 'n puik span hoef die toekoms van ons Hokkie nie gevrees te word nie.

Verlede Saterdag het die eerstespan met Tuine 1(b) kragte gemeet. Van die begin af het die Maties hard gespook en 'n paar keer sterk aangeval.

Goeie spel is gelewer deur T. Hanekom, M. Mynhardt en R. Soper, wat baie goed op die vleuel vertoon het.

In die laaste vyf minute het dit Tuine egter geluk om 'n doel aan te teken en moes die Maties die spel 1—0 gewonne gee.

Die toerspan bestaan uit:

Mejj. L. Wessels, H. Conradie, T. Hanekom, M. Mynhardt, D. Vorster (Kapt.), L. Jordaan, R. Soper, B. Wiid, J. von Wiettersheim, A. van der Merwe, A. Conradie. Reserwes: Mejj. L. le Roux-Preis en B. Steinbauer.

## U.S. STOEISPAN VAAR GOED

**Na die uiters suksesvolle inter-universitêre stoeikampioenskappe wat onlangs op Stellenbosch gehou is, het die Maties ook goed gevaar in die ligawedstryde.**

Eers het die Maties gelykop gestoei met die baie sterk Paarlse span. Verder het hulle verras deurdat hulle Maccabi se span 5—3 geklop het, vir die eerste maal in drie jaar.

In hierdie wedstryd het die kaptein, W. van Zyl, weer toon aangegee deur sy opponent in 'n lewendige geveg te klop.

Ander uitstaande gevegte was dié v. . P. Verwey en J. Fleischman, en die vinnige oorwinning van P. Pienaar, wie se blits armrolle vir sy opponente te veel was.

Hiermee het die Maties se plek op die puntelys aanmerklik verbeter. Die puntelys is as volg:

Maccabi 31, Liesbeekpark 30, Stellenbosch 28, U. Kaapstad 25, Bull Hefer 16, Paarl 8, Parow 8, Eersterivier 2.

Die volgende Intervarsity teen U.K. vind plaas op 2[illegible] Junie. Die Maties hoop om dan hul vorige oorwinning oor die Ikeyspan te herhaal.

## Maties Onoorwonne In Veldwedlope

**Die Matie-langasemmanne het hierdie seisoen besonder goed begin, deur in beide die 3 myl en die 5 myl interklub-veldwedlope beter te vaar as die ander vyf klubs gesamentlik.**

Op 20 Mei het die Maties die 3 myl oor die sanderige Paardeneiland-roete gewen met Voges, Marais, dr. De Vos en Orffer in die 1e, 3e, 5e en [illegible] plekke respektiewelik.

Onlangs het die Maties hierdie prestasies herhaal. In die 5 myl wedloop oor 'n heuwelagtige roete met baie versperrings, was vier uit die eerste sewe atlete Maties!

Daar het 58 atlete deelgeneem. F. J. Voges (U.S.), die wenner se tyd van 28 min. 49 sek. was besonder goed oor so 'n moeilike roete.

Nadat hy byna deurgaans in Van Deventer van Pinelands se spore moes draf, het Voges oor die laaste driekwart myl 'n veilige 150 tree tussen homself en Van Deventer, wat tweede was, geplaas.

Met J. Minnaar derde, dr. De Vos en D. Marais sesde en sewende respektiewelik, het die Maties weer met 17 punte teen oor die puntetelling van 50 wat deur Spartan Harriers behaal is, gewen.

Verlede Saterdag het die Matie A-span in 'n afloswedloop met Ikeys eerste gekom.


Die erkende huis vir beste
KLAVIERE,
RADIOS,
MUSIEKINSTRUMENTE.

**Pas ontvang:**
Groot besending Grammofoonplate.

**R. MÜLLER (Eiens.) Bpk.**
PLEINSTRAAT, STELLENBOSCH
Afsonderlike afdeling vir Beste Wapens en Patrone.



EDRICH
Vir
FOTOGRAFIE
RAAMWERK
KUNS



Spesiale aanbod vir Kweekskool-studente slegs geldig tot 23 Junie.

Manelpakke na maat gemaak teen die geringe prys van:
**£20 11s. 6d.** en **£21 3s. 6d.**

Hier kry u Kwaliteit en die beste waarde vir u geld.

Kom vra om vry monsters. Billike terme kan gereël word.

Ook Ingevoerde Predikants-strikkies en Kerkraadsboordjies.

Boordjies: Prys 27/6.

**GEBRS. DE WET**
KERKDRAG SPESIALITEITE.
Posbus 21 STELLENBOSCH Telefone 20 en 21

# 50 Studente Bring Studie-besoek Aan Kaapse Lokasies

(Deur Johannes L. Malan)

**Ongeveer vyftig studente, verteenwoordigend van die Departement van Bantoekunde en ander Departemente het op Uniedag per spesiale bus na Kaapstad vertrek op 'n uiters interessante studiebesoek aan die Naturellelokasies en -plakkersdorpe op die Kaapse Vlakte.**

Die groep het onder leiding van dr. A. van Schalkwyk, mnr. N. Olivier en mnr. G. Schüler gestaan. Die besoek is deur die bestuur van die Bantoestudiekring gereël.

Volgens mnr. B. van As, voorsitter van die B.S.K. is dit die eerste keer dat so 'n toer deur die B.S.K. onderneem is, en dit is die plan om in die toekoms meer sulke besoeke te reël.

**Die doel van die besoeke aan hierdie plekke is om die erns van die heersende toestande onder die aandag van die studente te bring — toestande waarmee die gewone persoon totaal onbekend is, en waarvan hy dikwels nie graag wil hoor nie. So 'n besoek gee 'n mens veel stof tot nadenke, want die ware toestand van sake kom miskien as 'n skok vir die besoeker.**

### LANGA

Die eerste plek wat besoek is, was Langa, die Kaapse munisipale Naturellelokasie. Mnr. Pansegrouw, superintendent van die Afdelingsraadlokasie, Nyanga en twee lede van die Administratiewe personeel op Langa, het die studente deur die groot Naturelledorp vergesel, kortliks die probleme geskets, en gewilliglik talryke vrae beantwoord.

Op Langa is o.m. agt woonblokke vir ongetroude enkellopende Naturellemans. Hierdie Naturelletehuise is besonder gerieflik ingerig, en daar is gepoog om dit te laat aanpas by die Naturel se behoeftes.

Die ontstamde jong stadsnaturel skep die grootste probleem. Hy is sonder enige vaste koers in die lewe, sonder agtergrond en beginsels, en maar té gereed om al wat sleg is in die Westerse beskawing aan te neem.

Volgens mnr. Pansegrouw besorg die stadsnaturel tussen die ouderdom van 7 tot 40 jaar die meeste hoofbrekens. Hy pas nêrens in nie.

### GODSDIENSTIGE INVLOEDE

Wat die studente veral getref het, is dat die ontstamde Naturel besonder vatbaar is vir godsdienstige invloede, en sektes is ook talryk, soos verwag kan word.

Wat die getroude Naturelle betref, lyk sake ietwat beter. In vergelyking met die Naturelletehuise het die getroudes se huisies netjies en skoon daar uitgesien en die tuintjies voor enkele huise het getuig van die trots van die inwoners.

Die kliniek, die hospitaal, die winkeltjies en selfs die voetbalveld, waar daar juis 'n sokkerwedstryd aan die gang was, was 'n besoek werd.

Die groep het Langa verlaat onder die indruk van wat alreeds aangepak is, maar veeleer onder die besef van wat nog gedoen moet word.

Volgens mnr. Pansegrouw is dit die plan om die naturellebevolking uit die ander lokasies, agterbuurtes en plakkerskampe stadigaan na Langa te verskuif sodra behuising verskaf kan word. **Dit sal Langa se bevolking wat tans ongeveer op 12,000 staan, geweldig vermeerder, want in die geproklameerde gebied van Kaapstad is daar volgens skatting ruim 45,000 Naturelle — baie waarvan in onbevredigende en dikwels treurige toestande lewe.**

### WINDERMERE

Windermere was die volgende plek op die program. In hierdie agterbuurt naby die Wingfield-lughawe woon mense van alle rasse, saamgehok in krotte onder afskuwelike toestande.

Om maar net te noem: Hier is geen sanitasie, geen voorsiening vir die verwydering van vullis, geen water aangelê nie, amper geen beligting in die vuil „strate" nie, ontsettende oorbewoning, grootskaalse dranksmokkelary, onwettige bierbrouery en onsedelikheid op groot skaal. Hier heers ellende.

Dat daar geen epidemies uitbreek nie, is seker alleenlik te danke aan ons klimaat, maar in die winter word hierdie deel van die sanderige Kaapsevlakte in vleie omskep omdat die water nie kan wegsak as gevolg van 'n kleilaag onder die sandoppervlakte nie.

Die mense lyk mismoedig en die kinders ondervoed. Sulke toestande moet noodwendig ook hulle sielkundige gevolge hê. Daar is verneem dat hier gemiddeld een moord per maand gepleeg word.

Onder hierdie omstandighede word nog diere ook aangehou, soos groot getalle honde, varke en duiwe wat, so word beweer, die beste draers van witseerkeel is. In Windermere is volgens skatting 6,000 Naturelle, waarvan groot getalle werkloos is.

### EPPINGTUINDORP

Wat 'n kontras was Eppingtuindorp nie met Windermere nie. Hierdie modeldorpie het 'n interessante geskiedenis. Dit het sy ontstaan te danke aan die ywer van 'n paar persone wat laagbesoldigde blankes uit die agterbuurtes wou haal.

So was wyle mnr. Adams die eerste persoon wat die moed van sy oortuiging gehad het om te sê dat die enigste oplossing vir die probleem langs die weg van aparte woonbuurtes lê. Sy stoflike oorskot rus vandag in Epping se park.

As gevolg van 'n groot behoefte het hierdie blanke subekonomiese dorpie ontstaan, maar vandag is dit geen armmansdorp nie. Hier is 'n voorbeeld van wat gedoen kan word.

Hier het mnr. Olivier, die prinsipaal, die studente toegespreek. Interessant is dat die dorp se winkels op 'n ko-operatiewe wyse bestuur word deur die maatskappy wat die dorp aangelê het.

Matroosfontein is weer 'n subekonomiese behuisingskema vir Kleurlinge. Die studente het die skoolsaal en ook die kliniek besoek. Hierdie Naturelle-plakkersdorp op die Kaapse Vlakte was skoon in vergelyking met 'n plek soos Windermere, maar hier was ook geen sanitasie of water nie, krotte van alle beskrywings en oorbewoning.

### BESOEK LEERSAAM

Vir die studente was hierdie besoek aan Kaapstad se „swartkolle" leersaam omdat dit hulle oë oopgemaak het vir toestande waarvan die meeste van hulle nouliks bewus was.

Daar is sprake dat die Bantoestudiekring in die toekoms vakansietoere gaan reël na die Naturellegebiede, en terselfdertyd ook na Naturellebuurtes in groot stede soos Johannesburg en Pretoria. Daar is 'n wye veld wat gedek kan word, mits al die studente saamwerk.

(Lees ook ons Inleidingsartikel).


Beter Diens Vir

FIETSE,
RADIOS,
STRYKYSTERS en
GLOEILAMPIES.

By

H. VII JOEN
Pleinstraat — Stellenbosch



MUSIEKLESSE

Studente wat geïnteresseerd is in Klavierlesse, Harmonie en Kontrapunt, kan met MEJ. A. SMAL, Van Ryneveldstraat 12, in verbinding tree.


# „Our Town" Oorspronklik Voorgestel

**„Our Town" beloof om een van die interessántste en onderhoudendste stukke te wees wat vir 'n aantal jare hier opgevoer is. Vir diegene wat moeg is van die gewone realistiese toneel, word hier 'n geleentheid gegee om iets te sien wat vol verrassings is, wat heeltemal wegbreek van al die toneelgebruike waaraan ons gewoond is.**

Die hele saal word die speelterrein en suggestie in plaas van skyn — werklikheid prikkel die verbeelding. Die oorspronklikheid en vindingrykheid van die voorstelling behoort 'n goeie teëgif te wees teen die eksamens en toetse.

Die opvoerings vind plaas op Vrydag, 16 Junie en Saterdag, 17 Junie om 8.15 nm. in die Konservatoriumsaal.

Die U.S. Dramaklub werk saam met die voodragafdeling aan hierdie opvoering, **wat ten bate van Poliofonds gehou word.**

Mnr. Robert Mohr neem die régie waar en die hoofspelers in 'n groot rolbesetting sluit in mnr. Charles Johnman, Esther du Toit, Limpie Basson, Jeanette Marais, Paddy de Villiers, Kenneth Gamble en Phil Loots.



Toe ons fotograaf by Monica se huisdinee besoek gaan aflê het, het hy onder die gaste ook op 'n dominee afgekom. V.l.n.r. sit mej. Theodora Frylinck, mnr. Jan Skinner, mej. Amanda de Klerk en ds. Bertie Heyns.

# Geen Sterre Gesien — Nogtans Doodtevrede

**Ten spyte daarvan dat hulle vanweë die wolke geen sterre kon sien nie, het twintig van die lede van die Wetenskaplike Vereniging die onlangse besoek aan die Koninklike Sterrewag, Observatory, ten seerste geniet.**

Na heelwat wik en weeg op die sypaadjie voor die Uitspan op dié reënerige Saterdagmiddag het hulle besluit om wél te gaan, hopende op 'n verbetering in die weersomstandighede.

Die kleinste kolletjie blou lug is noukeurig en met angstige verwagting deur die veertig wetenskaplike oë dopgehou. Maar nee, so in die mistigheid wat die koepelgeboue omgewe het, het dr. J. Jackson, die Hoofsterrekundige, die groepie welkom geheet.

Hy het hulle na sy kantoor geneem en foto's van al die planete en al die tipes sterre en newels, asook van die astronome wat die afgelope eeu en 'n half daar gestasioneer was, gewys.

Die twee belangrikstes onder hulle was die Nederlands-Amerikaanse De Sitter — 'n geesgenoot van Albert Einstein, en Sir David Gill.

Twee doktore van die sterrewag se personeel het daarna die werking van die twee groot teleskope gedemonstreer. Hul is elk in 'n aparte koepel gehuisves en bestaan elk uit drie ewewydige buise: 'n fotografiese, 'n fotometriese en 'n gesigsteleskoop.

Die groot koepel het 'n deursnee van 35 voet; daarin is die groter teleskoop wat 60 voet lank is, en 'n voorwerplens met 'n deursnee van 24 duim.

Tesame met sy voetstuk bied dit 'n indrukwekkende gesig; die koepel draai met 'n onheilspellende gedreun op 'n sirkelvormige spoor en dit skep 'n geheimsinnige atmosfeer, tesame met die aanhoudende getik van die stertyd-horlosie, en die draai-meganisme van die teleskoop wat die bewegings van die sterre volg.

Laasgenoemde apparaat is onontbeerlik by die neem van sterfoto's, want plate word tot 'n maksimum van 12 ure deur die sterre belig, en daar moet natuurlik rekening gehou word met die draaiing van die aarde in die tussentyd.

Die ander teleskoop is presies soos die grote, maar net die helfte so lank, en gevolglik baie minder indrukwekkend.

Die waarnemer moet hier gebruik maak van trappies wanneer die teleskoop so gestel is dat 'n mens dit nie van die vloer af kan bykom nie, terwyl mens by die groot teleskoop net op 'n knop druk om die hele vloer opwaarts tot op die gewensde hoogte te laat beweeg.

Daar is gemeld dat dié twee teleskope maar dwerge is in vergelyking met die reus van Palomar wat 'n koepel het met 'n deursnee van 135 voet!

Die studente het veral onder die indruk van die menigvuldigheid van die faktore wat die sterrekundige se werk en waarnemings beïnvloed, gekom.

Die volgende onderskeid is gemaak tussen 'n Ingenieur, 'n Fisikus en 'n Sterrekundige: Met 'n instrument wat duisendstes van 'n duim kan meet, sal eersgenoemde tiendes meet, die Fisikus duisendstes, terwyl die sterrekundige honderd-duisendstes van 'n duim sal wil meet. **J. K.**

# Spaanse Drama Stel Tevrede

**Soos verwag kon word uit die aard van die drama en sy velerlei ooreenkomstighede met 'n tipies Suid-Afrikaanse geestesgesteldheid, het „Die Vrou in die Môreskemering", 'n Spaanse drama deur Alejandro Casona, nogal besonder in die smaak van 'n Suid-Afrikaanse gehoor geval.**

Hierdie opvoering deur die Akademie vir Dramakuns het dan ook goeie ondersteuning geniet.

Die verloop was vlot en die eenvoudige décor in skakerings van grys en swart het mooi ingepas by die hele atmosfeer.

Werklik uitstaande spel is gelewer deur Babs Laker in die rol van die pelgrimsvrou-verpersoonliking van die dood. Hierdie moeilike vertolking kon so maklik met 'n bietjie oordrywing teen die bors gestuit het.

Maar sy het deur haar beheerste, kalme en natuurlike spel werklik daarin geslaag om die middelpunt van die hele spel te wees. Miskien was dit hierdie besondere vertolking wat 'n mens die res van die spel in so 'n sterke kontras laat sien het.

Bertha le Roux, sowel as die twee seuntjies, verdien nog vermelding as gevolg van hulle spontane spel en werklike inlewing in hulle rolle.

Ongelukkig kon 'n mens dit nie sê van die res van die spelers nie. Deurgaans was daar blyke van 'n groot mate van geforseerdheid in hulle vertolkings.

Dit is jammer dat Angelique aan die einde as 'n antiklimaks moes volg. Sy het nou werklik nie daarin geslaag om deur kalme rypheid en wêreldwysheid 'n teensteller vir die pelgrimsvrou te vorm nie. **C. L.**

# Hänsel und Gretel Herleef in H. de V.

Dowwe kerslig, strelende musiek en aantreklike dames het spontaan 'n aangename atmosfeer by Huis-de-Villiers se onlangse dinee geskep.

Die idee vir die funksie was op die kinderstorie, „Hänsel und Gretel", gebaseer. Op oorspronklike en oortuigende wyse is dié idee deur middel van versiering op die mure en tafels, 'n oulike huisie en 'n lewende heks in die middel van die saal, uitgebeeld.

Na die smaaklike ete het al die Hansies en Grietjies na òf Jorda òf na die Fliek gegaan. Met nog eetgoed en koffie is die funksie daarna afgesluit.

Die eregaste was dr. en mev. Craven en dr. en mev. Erlank.



## Wanneer Mure Praat . . . . . Oor Bure op Straat . . . . .

Hallo Vrinne,

Dink net daaraan, volgende week kry ons lekker laaank vakansie! Tussen hakies, moenie te opgewonde of te entoesiasties word oor hierdie vooruitsig nie want oor vyf weke hierdie tyd, sit ons alweer oorlaai van werk en oor drie maande kry ons eers tien dae vakansie.

Ek wil sommer begin deur **„Frank"** te wees en vir julle te vertel dat dit vir my lyk asof **Gertrude Heunis** aan die **Brand** begin raak. Dieselfde proses is blykbaar by Grapverteller **Beckurts** en **Petra Uys** aan die gang. Who's who? **J. A. Baard,** B.Com. III, (vroeër van Vredendal), en **J. A.** Baard, B.Com. III, (vroeër van Vredenburg). Hier is die uitslag: Baard wat vroeër eerstespan rugby gespeel het. Nou het jy mos „shine" gevang, ek hoop jy is tevrede.

Ek wonder of **Peter Smuts** se motortjie tot by Windhoek sal kan gaan. As dit onmoontlik blyk te wees sal **Inge** darem baie alleen wees. Ek wonder . . . . ? Weet julle waarom **Ken Watson** die Transvalers so gepypkan het? Hy was bang dat sy broek weer met 'n laagvat in die slag sou bly. Ek hoop **Judy Relling** en **Dawid Ackermann** sal na die 3 weke „proeftyd" ook finaal rigting kry soos **Nico van der Merwe.**

Doel: 'n Vleisbraai.

Bestanddele: Wors, ens., hout, vuurhoutjies, **Koos Beytel, Leonie Kuyt, Barbara Steinbauer, Toni Botes, Jannie Bouwer** en **Betsie Schneider.**

Resultaat: Proef het misluk weens reën.

Hoekom kom **Rusty** nog so gereeld na Huis-de-Villiers. Hy het mos klaar Sielkunde II afgeskryf en **Anna Marais** se Sielkunde III sal tog niks meer help nie. 'n Populêre man, letterlik en figuurlik, is sekerlik **George Barth,** want om darem na drie dinees in agt dae te gaan is sekerlik 'n rekord. Daar gaan glo 'n voorstel wees by Dagbreek se volgende Huisvergadering dat 'n spesiale foon vir **Jan Schabort** ingesit moet word want daar word so baie oproepe van Sonop se **May Laker** ontvang. **Hannes Jonker** is as 't ware op die horings van 'n dilemma want hy het nooit kon dink dat Die Matie ook in Pretoria Normaal gelees word nie — verduidelik net mooi dan sal sy dalk verstaan. **Igna Esmeyer** gaan hierdie vakansie saam met **Jan le Roux** Transvaal toe. Ek hoop jou Mamma hou van haar Jan. Terwyl **Dirk du Plessis** kliphard stry, loop sy gebooie in die stilte. Namens die Departement van Sielkunde en Studebakers wens ons hom 'n gelukkige huwelikslewe toe.

Nou maar Vrinne, dis 'n lang vakansie en moet nou nie met so 'n reputasie terugkom dat sy of hy die kys wil uitmaak nie.

Koebaai pals,

**RONDLOPER.**



Gisteraand het die Juniors hul Lentekoningin gekies. Soos dit 'n goeie Junior betaam, wou hulle niks uitlaat oor wie hierdie eer te beurt geval het nie. **DIE MATIE** het egter sy ore vooraf 'n bietjie gespits om te hoor wie die sterkste aanspraakmakers op die troon is. Vier van hulle verskyn hierbo. Ons waag nie om te sê of een van hulle gekies is nie. Dit doen ons net genoeë om vandeesweek so 'n aantreklike agterblad vir ons lesers aan te bied. V.l.n.r. is Desiré Palm, Rene de Villiers, Selma Marais en Bokkie Pepler.

## GEVRA: VROULIKE BABA'S VAN 18 OF 19 JAAR OM OP TE PAS

**'n Berig van twee damestudente wat hul dienste as „baby-sitters", wat in 'n onlangse uitgawe van „DIE MATIE" geplaas is, het skynbaar verreikende gevolge gehad.**

**Die kom en gaan van Inter-Varsity, en die hoë persoonlike uitgawes wat daarmee te paard gaan, het ook sy gevolge gehad.**

Die resultaat was dat die derdejaar Ingenieurs besluit het om hulle leë sakke te probeer aanvul. Met dié doel voor oë, het hulle 'n maatskappy van „baby-sitters" gestig.

Genoemde maatskappy sal bekend staan as Universiteit-van-Stellenbosch se Derdejaars-Siviele - Ingenieurs - Bybiesitters-Maatskappy - (Eiens.) - Onbeperk.

**Hulle pryse is redelik, veral in die geval van dogterbaba's tussen agtien en twintig jaar. Hulle verseker bevredigende diens, hoewel hulle nog betreklik onervare is, en die ouers kan dus met geruste harte hulle „baba's" tuis laat bly.**

„Die Matie" het die volgende gerustellende beriggie van die maatskappy ontvang:

„Dans u?
Fliek u?

Wees gerus! Soos 'n engel hou 'n lid van die U.S. III J.S.I.B.M. oor u baba wag! Wees gerus! Teen die manlike bors van 'n lid van die U.S. III J.S.I.B.M. lê u kleintjie (dogter, 19 jaar oud) en slaap! Wees gerus! Die U.S. III J.S.I.B.M. is daar!

Tree dus dadelik in verbinding met die sekretaris."

## DRAMAKLUB BLY ERG BEDRYWIG

**As dit nie „Fuente Sagrada", die een-bedryf vir die A.S.B-toneelkompetisie, is nie, dan is dit „Our Town", wat eersdaags deur mnr. Robert Mohr opgevoer word, wat die Dramaklub besig hou.**

Maar dis nog nie al nie. Noudie-dag het Estelle Pienaar en Basil Wunsch 'n baie oulike program gereël — Dramatisering van „Die Besluit" uit „Ampie, die Kind" van Van Bruggen.

Estelle sê dit is baie lekker om prosa te dramatiseer, en in Afrikaans is dramatiese prosa nie „handvol nie, dis landvol, dis nie geplant nie, dis gesaai."

Die Dramaklub sê baie dankie aan mnr. Mohr wat so vriendelik was om sy voordragopnames van Laurence Olivier aan ons te leen. Dit het aangename afwisseling in die program verskaf.

Om alles te kroon is die aand met 'n Sidney Greenstreet-opname van een van Poe se gruverhale afgesluit. Menigeen wat in die donker huis-toe moes stap (hardloop) het genoeg „stof tot nadenke gehad."

Vir oulaas sal daar hierdie kwartaal nog twee toneelstukke gelees word.

'n Uitstalling van fotos vir die jaarlikse klubkompetisie van die Fotografiese Klub word in die Carnegiesaal vanaf Maandag, 19 Junie tot Vrydag, 23 deser, gehou.

## BURO VAN VERLORE DINGE

**Ons is nou in besit van:**
- 3 Croxley-penne (bruin).
- 1 Impervo-pen.
- 1 Parker-pen.
- 1 Bruin Oorkrabbertjie.
- 1 Damesbeursie (rooi).

**Ons is op soek na:**
- 1 Sheaffer-potlood met blou dop.
- 1 Donkerblou Parker-potlood met vergulde bandjie en knip.
- 1 Brilhuisie met naam F. Länder.
- 1 Potloodhouer met naam Esther du Toit, Welkom.
- 1 Bril verloor by Volkekunde-gebou.
- 1 Watermans-pen.
- 1 Potloodhouer met naam J. Roux.
- 1 Sheaffer-pen.
- 1 Parker 51-pen.
- 1 Potloodtassie met inhoud, van leër en met ritsluiter.
- 1 Beursie met £7 geld en 2 tremkaartjies.
- 1 Parker 51-pen.
- 1 Goue Armband.

Kom haal asseblief u goed af by:
**Hitler Hanekom, Dagbreeg 2/36.**

SKILFERS??
Ons kan u help.
Verban daardie irriterende gejeuk met
*„HOUGH SE SKILFERMIDDEL"*
Die toenemende aanvraag bewys doeltreffendheid!
STELLENBOSCH-APTEEK
(N. C. HOUGH)
Andringastraat
STELLENBOSCH

APTEKERS
*Probeer Ons*
*Vir Afdrukke*
*En Vergrotings*
*Van U Negatiewe*
JOERNING EN SEUN
(EIENS.) BPK.
FOON 24
H/v BIRD- en PLEINSTR.,
STELLENBOSCH


FOON 710
PLEINSTRAAT STELLENBOSCH
Vir beter Blomme, Kranse, Ruikers, Bolle, Saad en Plante teen Billike Pryse
„BLOMME VERSKAF GENOT"

SKIET haar vir 'n KAFEE
en
as u haar dan PANORAMA
toe bring sal dit net die
regte ding wees.
Onthou!
PANORAMA KAFEE
met u volgende vry klas
Die Plek Met Die Matiegees.



„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"
Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar.
Rembrandt
ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK WIT VIR FILTER.
*„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"*
Kopiereg